'N HANDLEIDING VIR 'N VERKRAGTING-SLAGOFFER OOR GETUIENISLEWERING IN DIE HOF

LEGAL ASSISTANCE CENTRE

INLEIDING

Iemand wat verkrag is, word gewoonlik gevra om hof toe te kom as die verkragter se saak voorkom. Die saak is tussen die staat en die beskuldigde misdadiger. Die persoon wat verkrag is, moet net as getuie optree. 'n Getuie is 'n persoon wat onder eed inligting gee in 'n hofsaak. 'n Getuie moet vrae in die hof beantwoord en die waarheid praat.

Om 'n getuie te wees kan baie spanning veroorsaak. Getuies raak gespanne omdat hulle nie weet wat die proses behels nie. Hierdie handleiding gee 'n inleiding tot die hofprosedure en die rol van die getuie in die hof.

Die persoon wat daarvan verdink word dat hy 'n misdaad gepleeg het, word die "beskuldigde" genoem. As jy die slagoffer van 'n misdaad is, word jy die "klaagster" genoem. Nadat jy 'n klag teen die beskuldigde gelê het, moet hy in die hof verskyn. Hy moet sê of hy skuld gaan erken en of hy gaan probeer om vir die hof te bewys dat hy onskuldig is.

As die beskuldigde erken dat hy die misdaad gepleeg het, sal die landdros of regter hom vonnis. 'n Vonnis is die straf vir 'n misdaad.

In hierdie boekie verwys ons na beskuldigde persone in die manlike vorm omdat dit meestal mans is wat verkragtings pleeg in Namibië.

As die beskuldigde onskuldig pleit, sal daar 'n verhoor wees. By die verhoor moet die staat bewys dat hy die misdaad gepleeg het. Die landdros of regter moet besluit dat die beskuldigde "bo redelike twyfel" skuldig is.

Die staat se prokureur word die aanklaer genoem. By die verhoor sal die aanklaer getuienis voorlê om te bewys dat die misdaad wel plaasgevind het. Enige iemand wat gesien of gehoor het wat gebeur het, kan hof toe kom as getuies. Dit sluit jou as die klaagster in.

Jy is 'n belangrike getuie omdat jy waarskynlik die beste persoon is om vir die hof te sê hoe die misdaad gepleeg is. Daar sal ook ander getuies wees. Die polisiebeampte wat die misdaad ondersoek het, sal 'n getuie wees. Ander mense wat die misdaad gesien het of iets daarvan weet, kan ook getuies wees. Byvoorbeeld, as jy beseer is tydens die misdaad, kan die dokter wat jou ondersoek het, 'n getuie wees.

Om 'n getuie te wees en in die hof te vertel wat gebeur het, kan baie moeilik wees, maar dit kan tog ook 'n sinvolle ervaring wees. Jy kry die kans om jou storie te vertel. Jy doen jou deel om te verseker dat die beskuldigde die gevolge van sy dade sal dra.

Hooggeregshof in Windhoek

Landdroshof in Opuwo

KENNISGEWING VAN DIE VERHOORDATUM

Verhoordatums word soms maande ná die misdaad eers vasgestel. Howe is baie besig en verhoordatums moet bepaal word wanneer daar tyd beskikbaar is daarvoor. Prokureurs het ook tyd nodig om voor te berei.

Die polisie sal jou laat weet wanneer jy moet hof toe kom deur vir jou 'n getuiedagvaarding (subpoena) te stuur, 'n paar maande voor die verhoordatum. 'n Getuiedagvaarding is 'n hofbevel wat sê jy moet hof toe kom as 'n getuie. Die dagvaarding gee die verhoordatum, die naam van die beskuldigde en die kriminele registernommer (CR). Hou die dagvaarding op 'n veilige plek sodat jy daarna kan kyk as dit nodig is.

As jy van woonplek verander nadat jy die klag gelê het, moet jy dit vir die polisie sê sodat hulle kan weet waarheen hulle die dagvaarding moet stuur.

Dit sal jou niks kos om by die hof te kom nie. As jy na 'n ander dorp moet gaan vir die hofsitting, sal die aanklaer se kantoor jou help met reisreëlings. As jy met jou eie motor gaan, sal jy 'n sekere bedrag per kilometer ontvang vir die afstand wat jy gereis het. As jy nie 'n motor het nie, sal die polisie jou vervoer of jou help om ander reëlings te tref. As jy 'n nag weg van jou huis moet deurbring, sal die staat vir jou huisvesting betaal. Jy sal ook N$50 per dag ontvang vir kos en ander uitgawes.

As jy verlof by die werk moet neem, moet jy die dagvaarding vir jou werkgewer wys. As jou werkgewer nie verstaan nie, vra die aanklaer om vir jou 'n brief te skryf om vir hom te gee.

Blaai om om te sien hoe 'n getuiedagvaarding lyk.

SUBPOENA IN CRIMINAL PROCEEDINGS TO ATTEND AND GIVE EVIDENCE

in the High / Lower Courts of Namibia

Division ..... District

..... Regional Division

Place of trial	Court	Date of trial

To any police officer or other person authorised to serve process.

You are hereby commanded in the name of the State to summon the persons(s) of whom particulars appear hereunder, to appear in person before this court at 09h00 on the date of the trial to testify and declare all he/she/they know concerning certain charge(s) preferred against.

.....

charged with the offence(s) of

.....

.....

.....

Name, Sex, Age, etc.	Address	No. of rail warrant

Serve on each of them a copy of this summons and return to this Court what you have done thereon.

Date stamp of issuing office

*** Delete the words which are not applicable.**

Warning:

(i) Should any change in the abovementioned address take place before the proceedings are finally disposed of or before you are officially advised that you are no longer required as a witness, you are compelled to inform the official who served this subpoena upon you thereof.

(ii) Failure to comply with either the abovementioned warning or this subpoena renders you liable to arrest and to sentence not exceeding N$ 300.00 or three months imprisonment.

VOORBEREIDING VOOR DIE VERHOOR

Jou saak sal na 'n aanklaer verwys word. Die aanklaer moet jou voor die verhoor ontmoet om oor die saak te praat. Aanklaers is gewoonlik baie besig, daarom sal die aanklaer in jou saak jou dalk vir die eerste keer sien op die dag van die verhoor net voor die sitting begin.

As jy voor die verhoordatum met die aanklaer wil praat, skakel die aanklaer se kantoor. Gee vir hulle die naam van die beskuldigde en die kriminele register (CR) nommer. Hierdie inligting sal op jou dagvaarding wees. Die aanklaer se kantoor sal vir jou die naam van jou aanklaer kan gee sodat jy hom kan kontak en voor die tyd vrae kan vra.

Sê vir die aanklaer watter taal jy in die hof wil praat sodat hy kan reël vir 'n tolk as jy een nodig het. Jy moet die taal gebruik waarmee jy die gemaklikste voel sodat die hof kan verstaan wat jy presies bedoel.

Die polisiebeampte wat jou saak ondersoek het, sal vir jou kan sê of daar ondersteuningsdienste vir slagoffers in jou omgewing is. So 'n ondersteuningswerker kan 'n maatskaplike werker wees of iemand verbonde aan 'n nie-regeringsorganisasie. Hierdie persoon sal jou meer kan vertel omtrent die hofprosedure en jou selfs voor die tyd wys hoe die hofsaal lyk. As jy naby 'n hofgebou woon, kan jy 'n verhoor op jou eie gaan bywoon sodat jy weet hoe die hofsaal lyk en wat daar gebeur. (Jy sal nie 'n verkragtingsverhoor kan bywoon nie, omdat die publiek nie by sulke sake toegelaat word nie.)

WETTE WAT SLAGOFFERS VAN VERKRAGTING IN DIE HOF KAN HELP

Die wet het sekere reëls wat dinge vir die klaagster in 'n verkragtingsaak makliker maak.

Die hof is veronderstel om toe te wees vir die publiek gedurende 'n saak van verkragting. Dit maak dit makliker om getuienis te gee. Net die mense wat by die saak betrokke is, mag daar wees. Die landdros of regter, die aanklaer, die beskuldigde en die beskuldigde se prokureur sal in die hof wees. 'n Paar ander mense wat in die hof werk, sal waarskynlik ook teenwoordig wees.

Dit is teen die wet vir enige koerant, radiostasie of televisieverslaggewer om die identiteit van 'n klaagster bekend te maak. Hulle mag nie jou naam, adres, foto of enige ander inligting publiseer of vertoon wat jou kan identifiseer nie.

Die hof kan spesiale reëlings tref wanneer jy getuienis lewer:

- **Die verhoor kan na 'n meer informele plek verskuif word wanneer jy getuienis lewer. Byvoorbeeld, jy kan jou getuienis in die landdros of regter se kantoor gee eerder as in 'n hofsaal.**
- **Die meubels in die hofsaal kan anders gerangskik word of die plekke waar mense sit, kan verander word. Byvoorbeeld, die landdros of regter kan nader aan jou sit en die beskuldigde verder sodat jy veiliger voel.**
- **'n Ondersteuningspersoon kan by jou wees. Jy kan 'n vriendin of familielid saambring om langs jou te staan of te sit terwyl jy getuienis gee. Hierdie persoon sal nie met jou kan praat terwyl jy getuienis gee nie, maar die teenwoordigheid van 'n ondersteuner kan jou veiliger en meer op jou gemak laat voel. Hierdie persoon kan ook vir die hof sê as jy gespanne voel en nodig het om te rus.**

- In sommige howe kan jy getuienis lewer agter 'n skerm, 'n tweerigtingspieël of via geslotebaantelevisie. (Dit is wanneer jy in 'n kamera praat en die mense jou in die hofsaal op 'n televisieskerm sien en hoor. Dit word "geslote baan" genoem omdat niemand anders jou op enige ander televisie kan sien nie.) As daar televisiekameras is, hoef jy nie eers in dieselfde vertrek as die beskuldigde te wees nie.

Daar is ook ander moontlike reëlings. Jy kan die aanklaer vra om jou meer daarvan te vertel.

Die kamer vir geslotebaantelevisie in Windhoek

Die skerm in Walvisbaai

Jy moet dink oor watter opsie die gemaklikste vir jou sal wees en dit vir die aanklaer sê. Die aanklaer moet hierdie spesiale reëlings by die landdros of regter aanvra. Die landdros of regter sal dalk nie sommer outomaties toestemming gee nie. As jy een van hierdie spesiale reëlings wil hê, is dit die beste om dit voor die verhoordatum met die aanklaer te bespreek. Dit sal hom tyd gee om die nodige reëlings te tref.

Daar mag geen vrae oor jou seksuele reputasie gevra word nie. Dit beteken dat niemand vir jou vrae mag vra soos: "By hoeveel mans het jy geslaap?" nie. Sulke vrae het nie betrekking op die verkragting nie.

'n Paar vrae oor jou seksuele geskiedenis kan dalk toegelaat word, maar net onder baie spesiale omstandighede. Byvoorbeeld, as daar semen in jou liggaam gevind is, kan die beskuldigde se prokureur probeer bewys dat die semen afkomstig is van seksuele omgang met 'n ander persoon. Maar niemand mag vir jou vrae vra oor enige vorige seksuele ervarings in jou lewe sonder vooraf toestemming van die landdros of regter nie.

DIE VERHOOR

Op die dag van die verhoor moet jy sorg dat jy betyds by die hof is. Dra netjiese en gemaklike klere. Jy sal dalk moet wag voor jy aan die beurt kom. Jy kan iemand saambring of iets rustigs om jou besig te hou soos 'n koerant om te lees. Bring ook iets om te eet ingeval jy tydens die etensuur daar sal wees. (Jy mag nie in die hofsaal eet nie.)

Om buite die hof te wag kan spanning veroorsaak as jy bang is dat jy die beskuldigde of sy vriende en familie daar sal raakloop. Vra of daar 'n aparte plek is waar jy kan wag. Jy kan ook by die polisiebeampte wag. As enige iemand jou lastig val terwyl jy wag vir die hofverrigtinge, sê dit vir iemand soos die polisiebeampte, die hofordonnans of die aanklaer. Die hofgebou moet 'n plek wees waar jy veilig kan voel.

Jy sal die aanklaer ontmoet voordat jy in die hof moet praat. Die aanklaer sal 'n afskrif van die verklaring hê wat jy by die polisie gemaak het. Hy sal die verklaring met jou deurgaan. Die aanklaer en die advokaat vir die verdediging sal afskrifte hê, maar nie die landdros of regter nie. Jy sal vrae gevra word oor jou verklaring, daarom moet jy vir die aanklaer sê as daar enige iets in jou verklaring is wat onwaar is, of iets wat nie presies korrek is nie.

Jy sal nie in die hofsaal toegelaat word tot dit tyd is vir jou om in die hof te praat nie. Jy mag nie luister na die getuienis van die ander getuies voor jy moet praat nie. As jy dit doen, kan die beskuldigde sê dat jy net herhaal wat jy die ander mense hoor sê het. Om hierdie rede mag jy ook nie met enigeen behalwe die aanklaer en die polisie bespreek wat jy gaan sê nie.

Die aanklaer sal jou inroep wanneer hulle jou nodig het. Die klerk van die hof sal jou vra om jou naam te gee, en jou dan insweer. Jy kan 'n "eed neem" of 'n "plegtige verklaring maak".

- 'n Eed is 'n belofte voor God om die waarheid te praat. Die klerk van die hof sal jou vra of jy sweer dat die getuienis wat jy gaan lewer die waarheid, die hele waarheid en niks ander as die waarheid sal wees nie, "so help jou God".
- As jy nie in God glo nie, kan jy plegtig verklaar. So 'n verklaring is 'n plegtige belofte. As jy verklaar, sal die klerk jou vra of jy plegtig belowe dat die getuienis wat jy gaan gee die waarheid, die hele waarheid en niks anders as die waarheid sal wees nie. Jy moet jou regterhand omhoog hou as jy antwoord.

Ander mense wat in die hofsaal sal wees:

Landdros of Regter – die persoon wat na al die getuienis moet luister en besluit of iemand die wet oortree het. Landdroste en regters dra swart togas in die hof.

In die hof spreek mense regters aan as "***U Edele***", en landdroste as "***Edelagbare***". Dit is om respek te toon vir die gesag van die hof.

Aanklaer – 'n prokureur wat die staat verteenwoordig. Die aanklaer is nie jou persoonlike prokureur nie, maar dit is sy plig om jou belange te verteenwoordig in sommige stadiums van die verhoor. Aanklaers en ander prokureurs dra swart togas in die hof.

Advokaat vir die verdediging – 'n prokureur wat die beskuldigde se belange verteenwoordig. Dit kan moeilik wees om hulle vrae te beantwoord, maar dit is belangrik. Net soos die aanklaer dra die advokaat vir die verdediging 'n swart toga in die hof.

Beskuldigde – die persoon wat daarvan verdink word dat hy die misdaad gepleeg het. Berei jou daarop voor om die beskuldigde in die hof te sien.

Tolk – 'n persoon wat vir die hof werk om ander tale in Engels en weer terug te vertaal. Dit is die tolk se plig om seker te maak dat almal verstaan wat aangaan. Wag totdat die tolk klaar gepraat het voor jy weer begin praat. (As jy dink die tolk het nie dit wat jy gesê het, reg vertaal nie, moet jy so sê.)

Hofordonnans – 'n persoon in beheer van die veiligheid in die hofsaal. Hierdie persoon sal sorg dat jy veilig is in die hofsaal. Die hofordonnans dra gewoonlik 'n uniform.

Klerk van die hof – 'n persoon wat opskryf wat in die hof gebeur en alle dokumente hanteer.

Regter
Beskuldigde
Getuie
Klerk van die Hof
Advokaat vir die verdediging
Aanklaer
Hofordonnans

DIE GEE VAN GETUIENIS

Nadat jy jou eed of verklaring gegee het dat jy die waarheid sal praat, sal die aanklaer vir jou vrae vra en jy sal jou getuienis gee. Onthou:

- Praat duidelik en hard sodat almal jou kan hoor.
- Gee jou getuienis duidelik en praat stadig. Die landdros of regter en die prokureurs sal notas maak, so hulle het tyd nodig om neer te skryf wat jy sê.
- Praat die waarheid.
- Luister goed na al die vrae.
- As jy nie die vraag verstaan nie, vra die persoon wat dit gevra het om te verduidelik voor jy antwoord. Moenie bang wees dat jy sal dom lyk nie – dit is belangrik om enige verwarring uit te skakel.
- As jy nie weet wat om te antwoord nie, sê: "Ek weet nie." Moenie raai nie.
- Jy moet net sê wat met jou gebeur het. Jy kan nie vir die hof vertel wat ander mense sê met hulle gebeur het nie.

Die hof is baie formeel, maar dit is belangrik dat jy gemaklik voel. Dit sal jou help om die waarheid so goed as wat jy kan, oor te dra. As jy wil toilet toe gaan, 'n sneesdoekie nodig het of 'n bietjie wil rus, sê dit vir iemand. Daar is niks mee verkeerd om in die hof te huil nie. Dit is ook reg as jy 'n bietjie wil rus.

Die aanklaer sal jou vra om vir die hof te vertel wat gebeur het. Dit is baie belangrik om vir die hof al die besonderhede te gee, selfs al laat dit jou ongemaklik voel om oor persoonlike sake of oor jou liggaam te praat. Dit is belangrik dat wat jy sê duidelik en bo alle twyfel is. Die hof moet weet wat presies gebeur het. Byvoorbeeld, 'n getuie kan sê dat sy by 'n man geslaap het. Vir sommige mense sal dit beteken dat sy net langs hom aan die slaap geraak het. Ander sal sê dat hulle seksueel verkeer het. Dit is beter om met duidelike woorde te beskryf presies wat gebeur het om hierdie soort misverstand uit te skakel. Dit is toelaatbaar om "penis" of "vagina" in die hof te sê. Landdroste en regters het al voorheen mense hieroor hoor praat, en sal nie ontevrede wees as jy die regte woorde gebruik nie. Hulle werk sal makliker wees as hulle jou reg verstaan.

KRUISVERHOOR

Nadat die aanklaer jou ondervra het, sal die beskuldigde of die advokaat vir die verdediging 'n kans kry om jou onder kruisverhoor te neem. Dit beteken dat hy vir jou vrae sal vra oor wat jy alreeds gesê het. Die landdros of regter kan ook vir jou vrae vra.

Die beskuldigde kan met of sonder 'n prokureur in die hof wees. Die meeste mense wat beskuldig word van verkragting het 'n prokureur. Party beskuldigdes kan hulle eie prokureur bekostig. Ander sal 'n prokureur hê wat deur die staat aangestel is om hulle te verteenwoordig. Party beskuldigdes het glad nie 'n prokureur nie en tree namens hulleself op – maar dit gebeur selde.

As die beskuldigde homself verteenwoordig, moet die aanklaer jou voor die tyd daarvan sê. Dit kan vir jou moeiliker wees om vrae te beantwoord wat direk deur die beskuldigde gevra word, maar die aanklaer en die landdros of regter sal sorg dat die beskuldigde nie onbehoorlike vrae vra nie. Die aanklaer kan versoek dat die beskuldigde die vrae deur die landdros of die regter vra in stede van direk aan jou. Die landdros of regter hoef nie aan die versoek te voldoen nie, maar hulle kan – veral as die beskuldigde met jou praat op 'n manier wat jou bang maak.

Die vrae wat die beskuldigde of die advokaat vir die verdediging wat die beskuldigde verteenwoordig vra, sal verskil van die vrae wat die aanklaer gevra het. Die advokaat vir die verdediging vra vrae om te sien of dit wat jy vroeër gesê het, reg was. Dit kan moeilik wees om hierdie vrae te beantwoord. Die advokaat vir die verdediging kan die indruk skep dat jy jok of dat jy jou storie opgemaak het. Die advokaat vir die verdediging kan jou probeer kwaad of deurmekaar maak. Dit is belangrik om kalm te bly en die vrae te beantwoord. Probeer om nie kwaad te word oor die manier waarop die vrae gevra word nie. As jy voel dat jy gespanne raak, haal diep asem of gebruik 'n oomblik om kalm te raak. Onthou dat jy kan vra om 'n rukkie te rus as dit nodig is.

Beantwoord die vrae eerlik en versigtig, net soos toe die aanklaer jou ondervra het. Dit sal help as jy vir die landdros of regter kyk tydens die kruisverhoor. Jy is daar om vir die landdros of regter te vertel wat gebeur het.

Terwyl jy getuienis gee, kan die hof die verrigtinge onderbreek en jou vra om die hofsaal te verlaat. Dit beteken nie dat jy enigiets verkeerds gedoen het nie. Dit beteken net dat die landdros of regter en die prokureurs iets moet bespreek sonder dat jy by is. Die prokureurs stem dalk nie saam oor 'n saak nie en die landdros of regter moet besluit wie is reg. Wees geduldig. Jy sal teruggeroep word na die hof om jou getuienis klaar te maak.

Die verhoor sal dalk nie in een dag klaarmaak nie. Party sake neem 'n paar dae. Die verhoordae kan oor weke of selfs maande versprei wees, in stede daarvan om dit in een sitting af te handel.

Byvoorbeeld, partykeer is 'n getuie siek en moet die saak uitgestel word tot hy beter is. Soms het die prokureur meer tyd nodig om voor te berei. Die advokaat vir die verdediging kan dit nodig vind om 'n onderbreking te maak om met die beskuldigde te praat. Onverwagte goed kan gebeur en die prokureurs het tyd nodig om daaroor te dink of om argumente gereed te kry. Die landdros of regter het ook tyd nodig om besluite te neem. Daar kan ook te min hoftyd wees – byvoorbeeld getuies kan meer tyd gebruik as wat die hof verwag het, en dan het die hof nie genoeg agtereenvolgende dae om die saak in een sitting klaar te maak nie.

BEËINDIGING VAN DIE VERHOOR EN DIE BESLUIT

As jy klaar getuienis gelewer het, gaan die saak voort. Die aanklaer kan ander getuies inroep. As die aanklaer die staat se saak gesluit het, kan die verdediging hulle eie getuies inroep. Hulle hoef dit nie te doen nie. As al die getuienis gelewer is, sal die aanklaer vir die landdros of regter sê waarom die beskuldigde skuldig bevind behoort te word, en die advokaat vir die verdediging sal sê waarom die beskuldigde onskuldig bevind moet word.

Nadat hy na al die getuienis en voorleggings geluister het, sal die landdros of regter 'n besluit neem. Dit sal nie dadelik gebeur nie. Die landdros of regter wil dink oor die besluit en sy notas oor die verhoor deurwerk. Dit kan 'n paar weke wees voor jy weet.

Die landdros of regter moet na al die getuienis luister en besluit dat die beskuldigde die misdaad gepleeg het "bo redelike twyfel". Dit is 'n hoë standaard. As die landdros of regter die beskuldigde onskuldig bevind, beteken dit nie dat die misdaad nie plaasgevind het nie. Dit beteken net dat daar nie genoeg bewyse voor die hof was om te bewys dat die misdaad beslis plaasgevind het nie.

As die beskuldigde nie skuldig bevind word nie, sal jy baie teleurgesteld wees. Moenie dink dis jou skuld nie. Jy behoort trots te wees dat jy die kans gehad het om die hof te vertel wat gebeur het.

VONNISOPLEGGING

As die beskuldigde skuldig bevind is, is die volgende stap om hom te vonnis. Die landdros of regter moet besluit hoe die beskuldigde gestraf moet word vir die misdaad.

Daar is minimum vonnisse vir verkragting in die Wet op die Bekamping van Verkragting. Die laagste minimum straf is vyf jaar gevangenisstraf. Die landdros of regter kan besluit om die beskuldigde tot 'n bietjie minder as die minimum te vonnis as hy voel dat daar spesiale omstandighede is wat hy in ag wil neem. (Die minimum vonnisse geld nie vir persone wat onder die ouderdom van 18 was toe hulle die misdaad gepleeg het nie.)

Daar sal 'n verhoor wees vir die oplê van die vonnis. Die aanklaer sal vir die landdros of regter sê wat die staat dink die vonnis moet wees. Die aanklaer kan weer getuies inroep om te sê wat die uitwerking van die misdaad op jou was. Jy sal dalk weer inligting onder eed moet gee. Die aanklaer kan ook vir 'n maatskaplike werker wat met jou gepraat het, vra om te getuig oor hoe die misdaad jou beïnvloed het. Hierdie inligting sal die landdros of regter help om te besluit hoe lank die vonnis moet wees.

Die advokaat vir die verdediging sal inligting gee oor die beskuldigde se persoonlike omstandighede. Die landdros of regter moet besluit oor 'n straf, gebaseer op die feite van die verkragting, die beskuldigde se omstandighede en die belange van die gemeenskap.

WANNEER DIE HOFSAAK VERBY IS

As die hofsaak verby is, kan jy voel dat dit makliker is om die verkragting agter jou te sit en aan te gaan met jou lewe. Maar dit kan ook wees dat die verhoor weer onaangename herinneringe aan die verkragting wakker gemaak het. Jy kan ongelukkig voel ná die verhoor, veral as die hof nie die beskuldigde skuldig bevind het nie. Selfs as die verkragting baie lank gelede plaasgevind het, kan jy nog steeds voel dit is nodig om met 'n maatskaplike werkster of berader te praat wat jou kan help met enige traumatiese gevoelens.

Die Namibiese Grondwet sê dat howe "onafhanklik" en "onpartydig" moet wees as hulle besluite neem in kriminele sake.

Artikel 12(1)(a)

Teks: Allison De Smet & Dianne Hubbard
Illustrasies: Nicky Marais
Ontwerp en uitleg: Perri Caplan
Projektoesig: Dianne Hubbard & Rachel Coomer
Drukkers: John Meinert Printing
Finansiering: Nederlandse Ministerie van Buitelandse Sake, MDG3 Fonds
Uitgewer: Gender Research & Advocacy Project,
Legal Assistance Centre, 2010

Hierdie pamflet mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.